
# MARSNIK III

## Ruimte Reeks (1)




Marinus Keet

DUBBELBOEK 30c.

# MARSNIK III

Marinus Keet



# INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1 | Aanranders | 5 |
| 2 | Magteloos teen Onheil | 8 |
| 3 | Roekelose Keuse | 11 |
| 4 | Die Geheime van „Sarie" | 14 |
| 5 | Tronk in die Ruimte | 19 |
| 6 | Schnettler wen | 22 |
| 7 | Die Ewige Ruimtes in | 26 |
| 8 | Die Straalkanon skiet | 29 |
| 9 | Verlore Stryd | 32 |
| 10 | In die Buitenste Duisternis | 35 |
| 11 | Krag uit die Son | 38 |
| 12 | Die Sarie gee oor | 41 |
| 13 | Die Kommunistiese Betta | 44 |
| 14 | Die Kajuit in Marsnik III | 46 |
| 15 | Die Nood dwing | 49 |
| 16 | Uitoorlê | 52 |

# MARSNIK III

deur

Marinus Keet

IN DIE RUIMTE REEKS

**Aangebied deur**
Sentrale Uitgewers, Pretoria.

**Aanbeveel deur**
Uitsoek Boekklub, Posbus 53, Pretoria.

**Versprei deur**
Sentrale Nuusagentskap, h/v. Commissioner- en Rissikstraat, Johannesburg.

**Gedruk**
in die Unie van Suid-Afrika deur V en R Drukkery (Edms.) Beperk, Paul Krugerstraat 39-43, Pretoria.

## Hoofstuk 1

## AANRANDERS

Met hande wat bewe van opgewondenheid voer Pierre Sederberg die data aan die elektroniese berekenaar. Angstig wag hy een, twee, drie sekondes. Die groen liggie flits aan. Pierre druk die hefboom en die antwoord kom by die slot uit.

Haastig vergelyk hy dit met die vorige lesing. Daar bestaan geen twyfel meer nie - die Voorwerp is op pad na Mars!

Met 'n paar lang tree is Pierre deur die laboratorium. In sy kantoor pak hy die telefoon en skakel die voorsitter van die Nasionale Ruimtekomitee.

„Pierre Sederberg hier," sê hy aan die sekretaresse wat die telefoon beantwoord. „Mag ek asseblief met doktor van Wyk praat. Dit is dringend."

„Doktor is op 'n ander lyn besig. Mag ek u terugbel sodra hy klaar is, meneer Sederberg? Ek het u nommer."

„Asseblief, Juffrou,". Pierre slaag nie daarin om sy teleurstelling te verberg nie. Soos 'n vasgekeerde dier loop hy heen en weer in sy kantoor solank hy vir die oproep wag.

Hy is heeltemal oortuig daarvan dat die Voorwerp die planeetvaarder Marsnik III is. Vanoggend om tienuur het hy dit toevallig oor die sigplaat van die kosmoskoop sien heenskiet. Hy het dit vir slegs drie sekondes lank gevolg. Net voordat dit teen die son verdwyn het, het hy dit gefotografeer.

Dit was toe skaars vyfhonderd myl bokant die aarde en

die foto toon die hele beeld van die planeetvaarder aan. Selfs die syfer III na die naam, kan daarop gelees word.

Hy het doktor van Wyk dadelik gebel, maar later gedurende die dag het die doktor hom gesê dat niemand anders die skip kon oppik nie. Die hele dag soek Pierre al deur die ruimtes en 'n halfuur gelede het hy 'n voorwerp op die sigplaat gesien. Dit is reeds byna tweemiljoen myl van die aarde af. En dit is nog steeds op dieselfde baan – 'n baan wat dit binne 150 uur by Mars sal bring!

Die telefoon lui. „Meneer Sederberg? Goeie middag. Van Wyk hier. Het jy nuus?"

„Ek het dit weer opgepik, Doktor!" roep Pierre uit. „Om 15.52 uur. Dit was toe sowat tweemiljoen myl hiervandaan en steeds op die baan na Mars! Dit beweeg nou teen 360,000 myl per uur."

Doktor van Wyk fluit. „Twee miljoen myl! Dit was seker skaars 'n merkie op u kosmoskoop!"

„Ja, Doktor. Dit was net 'n skaars merkbare kolletjie Maar op die fotoplaat is dit 'n duidelike strepie!"

„Hmm." Van Wyk klink bekommerd. „Ons sal nie kan bewys dat dit Marsnik III is nie! Tussen hakkies: Ek het jou nuus vanoggend dadelik aan die Internasionale Raad gerapporteer, maar ek het nog niks weer van hulle gehoor nie."

„Ons kan nie bewys dat dit Marsnik III is nie, maar daar kan baie min twyfel bestaan!" sê Pierre.

'n Rukkie swyg Van Wyk, asof hy na woorde soek. „Ons moet honderd persent bewyse hê voordat ons so 'n bewering maak," sê hy dan. „Indien ons beweer dat Marsnik III op pad is na Mars, dan trek ons die integriteit van die magtigste mense op aarde in twyfel!"

„Marsnik III is op pad na Mars!" sê Pierre beslis. „En dit beteken dat daardie magtige mense onheil vir die aarde voorberei!"

„Stadig' Stadig, kêrel!" keer Van Wyk. „Ek kan skaars



glo dat 'n verantwoordelike man soos u sulke aantygings maak!"

Pierre sê uitdruklik: „Die feit dat ek dit wél sê, bewys hoe oortuig ek van my saak is!"

„Ek twyfel of u die erns van die saak begryp, meneer Sederberg!" Van Wyk klink byna afkeurend. „Besef u wat 'n moderne wêreldoorlog sal beteken? Nouja, u bewering kan so 'n oorlog ontketen!"

Nou is dit Pierre wat na woorde soek. „Ek besef wél die erns van die saak, Doktor. Maar wat wil u hê dat ek moet doen? Moet ek die feite verswyg?"

'n Verleë kug-laggie kom oor die foon. „Verskoon my, meneer Sederberg. Natuurlik moet ons die saak ondersoek en elke stap aan die regering rapporteer! Ek was maar net ontsteld oor die implikasies!"

„Ek verstaan, Doktor......."

„Kan u al die fotoplate hierheen bring?" Nou is Van Wyk op en wakker. „Ek sal dit dadelik aan die minister toon of nog beter ...... bring dit reguit na die minister se kantoor. Ek sal daar vir jou wag."

Pierre belowe om binne twintig minute by die Uniegebou te wees. Hy plaas die spreekbuis terug, gaan na die laboratorium, pak die twee fotoplate in sy tas en stap haastig deur die gange na buite en reg uit na die motorhuise.

So verdiep is hy in sy probleem dat hy skaars opmerk wat rondom hom aangaan.

Hy ken nie die twee mans wat skynbaar besig is om die kar wat langs syne staan, se bande te bestudeer nie. Die een kêrel staan gebukkend tussen die twee motors. Met 'n yster kap-kap hy aan die ander kar se band. Hy staan in Pierre se pad en Pierre is baie haastig.

„Pardon!" sê hy op kwaaie toon.

Die man staan op, maar hy kom nie tussen die karre uit nie. Met 'n gedempte skelwoord skuur Pierre tussen die man en sy eie kar deur.

Al die sterre van die uitspansel skiet deur Pierre se brein. Hy sak bewusteloos neer.

## Hoofstuk 2

## MAGTELOOS TEEN ONHEIL

Die eerste waarvan Pierre bewus is, is 'n bonsende pyn in sy agterkop. Hy lê op die voorste bankie van 'n kar - sy eie kar.

Sy verstand is dadelik helder. Hy onthou alles wat gebeur het. Sy aanrander of aanranders, het hom in sy kar getel, sodat ander mense hom nie te gou moes sien lê nie!

Hy kyk op sy horlosie. Halfvyf. Hy kon nie meer as tien minute bewusteloos gewees het nie.

Sy handsak! Spioene het die fotoplate gesteel! Die twee gedagtes flits gelyktydig deur sy brein. Hy word duiselig van die pyn toe hy vinnig orentbeur.

Goddank! Hier staan sy handsak langs hom. Maar waarom is hy dan so koelbloedig uitgeslaan?

Hy gryp die sak. Haastige vingers druk die knip oop, soek tussen die dokumente. Die twee fotoplate is weg!

Wat nou gedoen? Die polisie bel? Nee, hy sal dadelik na die Uniegebou jaag. Doktor van Wyk en die minister wag reeds vir hom en hy kan die polisie daarvandaan bel.

Die verkeer is druk, maar Pierre jaag asof sy motor die enigste op 'n resiesbaan is. Toeters blaas, remme skree en verskrikte bestuurders trek skewebek. Die kar se wiele sing om die draaie,

Voor die trappies naaste aan die minister se kantoor spring Pierre uit die kar uit. Hy hardloop die trappies op en deur die gange.

Sonder om te klop bars Pierre by die deur in. Die



private sekretaris kom vinnig orent, maar Pierre groet nie eers nie. Hy storm deur na Minister Rademeyer se kantoor.

Doktor van Wyk en die minister kyk verskrik op.

„Ek is aangeval en die fotoplate is gesteel!" kondig Pierre sonder aanhef aan.

Die twee ouer mans gee verskrikte uitroepe en Pierre plak hom op 'n stoel neer en vertel haastig wat gebeur het.

„Hemel! Dit is ernstig!" sê Van Wyk.

„Het u die polisie verwittig?" vra Rademeyer. Voordat Pierre nog antwoord tel hy reeds die foon op. „Kry my asseblief kaptein Van Niekerk van die Veiligheidsafdeling!"

Van Wyk se stem is hees: „Die aanval en roof oortuig my dat u vermoede reg is, meneer Sederberg."

Met die foon aan sy oor, knik die minister. „Maar ons saak was reeds swak. Noudat die fotoplate weg is, is dit hopeloos!"

„Dit besef ek ten volle!" kom dit moedeloos van Doktor van Wyk.

„Meneer Sederberg," vra die minister. „Hoe verklaar u dat niemand anders die skip gesien het nie?"

Pierre antwoord sonder aarseling: „Dit vlieg teen 360, 000 myl per uur. Dit het oor die Indiese Oseaan opgekom en was van geen sterrewag af vir meer as drie sekondes sigbaar voordat dit teen die son verdwyn het nie. Dit is verbysterende toeval dat my kosmoskoop en kamara toevallig op daardie oomblik op daardie deeltjie van die hemelruim gerig was!"

„Hello, Kaptein," sê Rademeyer in die foon. „Net 'n oomblik, meneer Sederberg van die R en T Instituut het iets om u mee te deel."

Pierre neem die spreekbuis. Hy vertel alles wat gebeur het en beskrywe sy aanvallers so goed hy kan. Die minister neem die foon oor. Hy versoek dat die polisie hul uiterste bes moet doen.